# Muratie-volmaanstap - 2022

| ROETE: | Sirkelroete | DATUM: | 7 Desember 2022 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Altesaam 11 mense het vir hierdie stap bespreek, maar slegs 8 mense het op die ou end gestap (een van die stappers het aan die begin sleg gevoel en drie van hulle het toe besluit om liewer nie te stap nie). Ons het so teen 17:30 by Muratie aangekom, ingeteken en toe rustig begin stap aan die sowat 2 km tot bo op die bult waar die paadjie dan deur die bome kronkel tot by ons uitkykpunt op die koppie. Die uitsig van hier af is regtig mooi – van Tafelberg tot by die wingerde rondom Klapmutskop. Ons het piekniekkos uitgepak en party van ons het 'n glasie Muratie-wyn daarby geniet. Hoe verder die son sak, hoe mooier word die kleure in die lug. Ons neem baie foto’s maar die foto’s kan nie regtig vasvang hoe mooi dit is nie. Seker so 'n halfuur later kom die maan kom agter Simonsberg uit – helder en groot. Daarna pak ons op en stap die res van die sirkelroete met flitse terug tot by die beginpunt. Party van ons drink nog eers koffie voor ons huis toe is. 'n Mooi stap wat mens tyd gee om net te sit en wees en die wêreld te bekyk. Dit was ook Johann en Erika Benkenstein se laaste stap saam met die klub. Ná 45 jaar se stap saam met ons gaan hulle nou minder stap en meer reis en kamp. Ons wens hulle net die beste toe vir die nuwe paaie wat hulle gaan verken. Baie dankie aan Amanda Matthee vir die stapreëlings en stapleiding. Stapafstand: 4 km. Klimhoogte: 150 m.

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Amanda Matthee | 2022015 | R 5 | 4 | |
| Hannah Jacobs | Besoeker | R 10 | 4 | |
| Linda de Villiers | Besoeker | R 10 | 4 | |
| Johann Benkenstein | 2022063 | R 5 | 4 | |
| Erika Benkenstein | 2022064 | R 5 | 4 | |
| Wynand Krause | 2022009 | R 5 | | Het nie gestap nie |
| Madeleine Krause | 2022008 | R 5 | | Het nie gestap nie |
| Werner Krause | Besoeker | R 10 | 4 | |
| Nardus Krause | Besoeker | R 10 | 4 | |
| Micaela Krause | Besoeker | R 10 | | Het nie gestap nie |
| Ilze Krause | Besoeker | R 10 | 4 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 85** | **32** | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | |
|---|---|
| ITEMS GEBRUIK: | |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| | |
| | |

| VERSLAG DEUR: | Amanda Matthee |
|---|---|